



1ste Kwartaal 2019  
[www.ldu.co.za](http://www.ldu.co.za)



UYSBROKKIE

# Uit die kantoor

Geagte ouers

Ons kinders vandag!

Ek haal graag gedeeltes van twee skrywer se artikels vir u aan:

"Jong, ek wens so ek kon jou Oupa gaan vra wat hy sou doen. Hy het altyd 'n plan gehad!"

Jou Oupa was so vindingryke man. En as hy nie 'n plan gehad het nie, het hy altyd een gemaak. En hy het hom dan so gemaak dat hy gewerk het! 'n Plan was daar altyd. Wens ek kon hom gou gaan vra wat hy sou doen in hierdie tyd..."

En my Oupa, toe maar net in Standaard Ses (vandag sal ons dit Graad Agt noem) moes uitspring om te gaan werk. Hy het sy dierbare ouers gegroet en hy is op 'n trein gelaai na die ou Transvaal om te gaan werk met sy hande. Net 'n klein tassie vol klere en 'n trommeltjie kos het hom vergesel.

Ek is self 'n tiener op daardie stadium. Jy dors mos as tiener na baie dinge - liefde, aanvaarding, koestering, sekuriteit, aanraking, toekomsdrome... Alles wat agter sal moet bly as jy alleen met 'n trein Transvaal toe, na mense toe wat jy nie eers ken nie, wat jy nie eers weet of jy kan vertrou nie, wat jou waarskynlik gaan uitbuit weens jou benarde situasie.

Ek wens ek kan net die helfte van die man wees wat hy was. Dit was 'n man wat altyd 'n plan gehad het . Wat kon boer, in reën of daarsonder. Wat 'n sukses kon maak, ongeag wat die natuur na hom gooi. Wat rykdom kon vergader, al was dit bietjie vir bietjie.

Dis wat die lewe hom geleer het. Om Lewende water te drink en krag te kry, om aan te hou en aan te hou. Want dan is mismoedigheid nie deel van die droogteprobleem nie - maar jy word 'n man! 'n Sterk man vol kennis en wysheid.

Nardus van der Vyver (WOES)

“..many parents, while pushing their children to succeed, inadvertently shield them from exactly the kind of experience that can lead to character growth. Our kids don't put up with a lot of suffering. They don't have a threshold for it. They're protected against it quite a bit. And when they do get uncomfortable, we hear it from their parents.”

Paul Tough: How children succeed.

Oordeel u maar self !!

FJ Smit  
SKOOLHOOF

[www.ldu.co.za](http://www.ldu.co.za)

# Junior Primêr tandarts uitstappie

Baie dankie aan ons tandarts Dr. Ireta van der Grijp wat Gr R - 3 maats 'n geleentheid op die tandartsstoel gebied het. Ons vertrou dat die spannende opwinding baie van die tandartsvrese help oorwin het.



## Skryfbehoeftes

'n

Versoek word aan ons senior leerders gerig om skryfbehoeftes skool toe te bring, bv. Skêr, gom,

# Skoolfonds 2019

Baie dankie aan elke ouer wat gereeld sy/haar kind se skoolgeld betaal.

Die skoolgeld vir 2019 is R980.00 p/md (R9800 vir die jaar – Januarie tot Oktober).

Vir direkte inbetalings is die bankbesonderhede soos volg:

ABSA

Moorreesburg

LAERSKOOL DIRKIE UYS

106 049 0003

Verwysing: U rekening nommer / u kind se naam en van



## Korting:

Indien u voor of op die onderstaande datum die jaarlikse skoolgeld volledig betaal kwalifiseer u vir korting:

Hierdie gelde moet op die skool se bank reflekteer voor of 31 Maart 2019 om vir die korting te kwalifiseer.

31 Maart : 4% (R9408.00)

# Welpiedag

Baie dankie aan al die voornemende Gr. R leerders wat by ons pragtige klasse kom kuier het. Ons hoop almal se inskrywingsvorme is ingevul! Ons weet julle sien al klaar uit na die volgende Welpiedag.



# Graad R

Baie welkom aan die nuwe tiertjies. Almal het baie goed aangepas en geniet dit vreeslik baie by LDU.

Dankie aan almal wat deel was van die Gr. R dans, dit was 'n groot sukses. Spesiale dank aan al die borge.

## Graad 1

Baie welkom aan almal by die "grootskool".

Dit is só lekker en ons word só slim. Ons doen al regte somme en trek al by ons derde leesboek. Ons kan nie wag om nog avonture van Vlooi te lees nie!

# Entrepreneurs



Die entrepreneurs het ons regtig verbaas met hul interessante items. Hou so aan. Ons sien uit na volgende kwartaal en wat julle ons gaan bied.

# Baie dankie

Baie dankie aan Thelma Serdyn, Maryke Stemmet, Neriena Bester en Alishia van Heerden wat help met die afrigting by die hokkie! Dit beteken so baie! Ons waardeer jul betrokkenheid en insette ongelooflik baie!

HOKKIE

Ons benodig nog hokkiespelers!  
Kom oefen gerus saam, wie weet, dalk hou jy baie van hokkie!  
Maandae en Woensdag 14:45 tot 15:45. Dankie aan al ons hokkiespelers wat alreeds speel! Ons sien uit na die hokkieseisoen!

## Graad 5

Die Gr. 5's het gefokus op instruksies in Engels. Ons het baie by mekaar geleer en kan nou lekker kos, drankies, en kuns projekte maak. Ons kan selfs wiele omruil.



# Skaak


Die jaar het die skaak geskuif na Woensdaemiddae. Daar is ruimte gegee vir Gr. 1-3 leerders na skool en Gr. 4-7 leerders vanaf 14:00 - 15:00. Die junior primêr word gehelp deur Juf. Juanita en Juf. Eline. Die seniors is bygestaan deur Mnr. Janus. Daar het Weskus proewe plaasgevind en Rikus van Dyk is nog deel van die proewe. Ons wens hom sterkte toe vir die volgende rondtes.

# Bronneklas

Hierdie jaar het ons 'n nuwe leerder in die Bronneklas gekry. Hy kom van Piketberg af en woon tans in die koshuis. Welkom in Dirkie Uys, Cornelius Putter! Ons hoop jy is sommer baie gelukkig hier by ons. Bly die pragtige seun wat ons leer ken het!

# Museum uitstalling

Baie dankie dat die leerders so entoesiasies deelgeneem het aan die uitstalling. Artefakte wat dateer uit die 2de wêreldoorlog is uitgestal. Ware lewendramas is met ons gedeel. Dit was 'n baie interessante uitstalling!





# Graad 6 - Afrikaans

Ons graad sessers het Maandag 11 Maart 2019 op 'n Afrikaans uitstappie gegaan. Ons besoekpunte was as volg: Butterfly World, Le Bonheur Krokodilplaas en Afrikaanse Taalmuseum. By elke plek het ons 'n gids wat vir ons die slange, skoenlappers, iguanas, krokodille, ens. wys. Dis vir ons 'n groot lekkerte en ons neem baie mooi waar! Dankie Stevie Smit vir ons veilige vervoer!

## Seniorkoor

Ons seniorkoor is aan die oefen maar ons soek nog koorlede (Gr. 4-7). As u kind lief is vir sing, is dit die plek vir hom/haar.

Mev. Myburgh

## Baie dankie

Baie dankie aan die OOV vir al hul harde werk! Ons waardeer dit baie!

## 1, 2, 3 FIXIT

Een van ons oud-onderwyseresse sorg vir 'n interessante en uitdagende televisieprogram! Dit is Donderdae om 17:30 op VIA. Sy is Annelie Carstens wat 'n Gr. R- Juffrou was! Moenie hierdie 13 episodes mis nie....



# Tennis

Die tennisseuns en dogters het aan verskeie toernooie deelgeneem en uitstekend gevaar.



Die volgende kinders het Boland Kavaliers tennis in Kimberley verteenwoordig: Anesce du Toit, Cornel du Toit en Franco Rust. Baie geluk met puik prestasie.

Willem de Waal het SA 0.12 in Zimbabwe verteenwoordig waar hy teen 11 ander lede meegeding het. SA skole wat 'n uitstekende prestasie is! Ons is trots op jou Willem!

## SOS-Kamp

Die jaarlikse buitelugskool het plaasgevind vanaf 11-13 Februarie 2019, by Villiersdorp. Wat 'n belewenis! Nie net het ons mekaar beter leer ken nie, maar nuwe uitdagings is aangepak bv. Kanoroei, rotsklim, rivier-ekologie, nagmars ens. Wie het gesê skoolgaan is nie lekker nie? Dankie Stevie vir ons vervoer en hulp, ons waardeer dit!

# Konsert

Die konsert vir 2019 vind plaas op Maandag 6 Mei en  
Dinsdag 7 Mei - LDU Skoolsaal

6 Mei: 18:30 Aandvertoning

R100 eerste 10 rye en R80 res van die saal per person.  
(Bespreekte plekke)

7 Mei: 09:30 Oggendvertoning

LW Sonder personeeloptrede R70 per persoon

Kaartjies beskikbaar vanaf Dinsdag 19 April 2019 by LDU  
ontvangs.



# BORGE

'n Spesiale woord van dank aan al ons borge vir die 1ste  
kwartaal van 2019! Dit word opreg waardeer!

Bemarkingskomitee Laerskool Dirkie Uys

## Geniet die vakansie

